

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8393

8393

Friday, 26 February 2021

Vrydag, 26 Februarie 2021

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Tenders:	
Notices.....	110
Local Authorities	
Beaufort West Municipality: Consent Use and Removal Restrictions	110
Beaufort West Municipality: Subdivision, Relaxation of Building Line and Consolidation	118
Bergrivier Municipality: Removal of Restrictions and Subdivision	112
Bergrivier Municipality: Removal of Restrictions	111
Cederberg Municipality: Appointment of the Valuation Appeal Board Members.....	125
City of Cape Town: Closure of Public Place	116
City of Cape Town: Closure of Public Place	114
City of Cape Town: Removal of Conditions	112
City of Cape Town: Removal of Conditions	115
City of Cape Town: Removal of Conditions	114
City of Cape Town: Removal of Restrictions	115
Knysna Municipality: Closure of Public Place	113
Knysna Municipality: Removal of Restrictions	114
Notice to Creditors in Deceased Estates.....	124
Oudtshoorn Municipality: Rezoning and Building Line Relaxation.....	111
Overstrand Municipality: Amendment of Restrictions, Consent Use and Departure	120
Overstrand Municipality: Subdivision, Closure, Rezoning and Consolidation.....	121
Stellenbosch Municipality: Removal of Restrictions	115
Swartland Municipality: Consent Use	116
Swartland Municipality: Subdivision, Consolidation and Departure	117

Nr.	Bladsy
Tenders:	
Kennisgewings	110
Plaaslike Owerhede	
Beaufort-Wes Munisipaliteit: Vergunningsgebruik en Opheffing van Beperkings	110
Beaufort-Wes Munisipaliteit: Onderverdeling, Verslapping van Boulyn en Konsolidasie	119
Bergrivier Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Onderverdeling	112
Bergrivier Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	111
Cederberg Munisipaliteit: Aanstelling van Waardasie-Appèlraadslede	125
Stad Kaapstad: Sluiting van Openbare Plek	116
Stad Kaapstad: Sluiting van Openbare Plek	114
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	112
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	115
Stad Kaapstad: Opheffing van Beperkings	114
Stad Kaapstad: Opheffing van Beperkings.....	115
Knysna Munisipaliteit: Sluiting van Openbare Plek	113
Knysna Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	114
Notice to Creditors in Deceased Estates (Slegs Engels).....	124
Oudtshoorn Munisipaliteit: Hersonering en Boulyn Verslapping.....	111
Overstrand Munisipaliteit: Wysiging van Beperkings, Vergunningsgebruik en Afwyking	120
Overstrand Munisipaliteit: Onderverdeling, Sluiting, Hersonering en Konsolidasie	122
Stellenbosch Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	115
Swartland Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	116
Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling, Konsolidasie en Afwyking	117

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**BEAUFORT WEST MUNICIPALITY****Notice No. 19/2021**

**PROPOSED CONSENT USE AND REMOVAL OF
RESTRICTIVE TITLE CONDITION: ERF 1213,
1A PASTORIE STREET, HILLSIDE: BEAUFORT WEST**

Applicant: Highwave Consultants (Pty) Ltd
Owner: Provincial Government: Western Cape
 [Beaufort West Secondary School]
Reference number: 12/3/2; 12/4/1; Erf 1213 Beaufort West
Property Description: Erf 1213, Beaufort West
Physical Address: 1A Pastorie Street, Hillside, Beaufort West

Description of proposal:

The matter for consideration is an application for:—

- A **consent Use** in terms of Section 15(2)(o) of the Beaufort West Municipal Land Use Planning By-Law to allow a for the construction of a freestanding base telecommunication station with a 25 meter Monopole mast.
- The **Removal of Restrictive Title Deed Condition 1** as pertained in title deed T41164/2014 in terms of Section 15(2)(f) of the Beaufort West Municipal Land Use Planning By-Law to allow the proposed freestanding base telecommunication station.

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the By-law on Municipal Land Use Planning for Beaufort West Municipality and Regulation 4.7.1 of the Scheme Regulations applicable to Beaufort West, that the above-mentioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 07:30 and 16:15 at the Office of the Director: Corporate Services, 112 Donkin Street, Beaufort West. Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said By-law to the Municipal Manager, Beaufort West Municipality, Private Bag 582, Beaufort West, 6970, Fax No. 023-415 1373, e-mail: admin@beaufortwestmun.co.za on or before **16:00 on Monday, 29 March 2021**, quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to the Senior Manager: Corporate Services, Mr. P. Strümpher at Tel. No. 023-414 8103. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official at the above-mentioned office by transcribing their comments.

Ref. No. 12/3/2; 12/4/1; Erf 1213 Beaufort West

J Penxa, ACTING MUNICIPAL MANAGER,
Municipal Offices, 112 Donkin Street, BEAUFORT WEST, 6970

26 February 2021

21091

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT****Kennisgewing Nr. 19/2021**

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK EN OPHEFFING
VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDE: ERF 1213,
PASTORIE STRAAT 1A, HILLSIDE: BEAUFORT-WES**

Aansoeker: Highwave Consultants (Pty) Ltd
Eienaar: Provinsiale Regering: Wes-Kaap [Beaufort-
Wes Sekondêre Skool]
Verwysingsnommer: 12/3/2; 12/4/1; Erf 1213 Beaufort-Wes
Eiendomsbeskrywing: Erf 1213, Beaufort-Wes
Fisiese adres: Pastoriestraat 1A, Hillside, Beaufort-Wes

Beskrywing van voorstel:

Die aangeleentheid vir oorweging is:—

- Aansoek om **vergunninggebruik** ingevolge Artikel 15(2)(o) van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes vir vrystaande basis-telekommunikasiestrasie vir die oprig van 'n 25-meter Monopaalmas; en
- Aansoek ingevolge Artikel 15(2)(f) van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes vir die **opheffing van beperkende titelvoorwaarde 1** soos vervat in titelakte T41164/2014 om die oprigting van die voorgestelde vrystaande basis-telekommunikasiestrasie toe te laat.

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 45 van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes Munisipaliteit en Regulasie 4.7.1 van die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes, dat die bogenoemde aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende weksdae tussen 7:30-16:15 by die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes. Enige skriftelike kommentaar in terme van Artikel 50 van die genoemde verordening kan gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Beaufort-Wes Munisipaliteit, Privaatsak 582, Beaufort-Wes, 6970, Faks No. 023-415 1373, e-pos: admin@beaufortwestmun.co.za voor of op **16:00 op Maandag, 29 Maart 2021**, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die Senior Bestuurder: Korporatiewe Dienste, Mnr. P. Strümpher by Tel. No. 023-414 8103. Die Munisipaliteit kan weier om kommentaar te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan by bogenoemde kantoor bygestaan deur 'n munisipale amptenaar om sodoende kommentaar te transkribeer.

Verw. Nr. 12/3/2; 12/4/1; Erf 1213 Beaufort-Wes

J Penxa, WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER,
Munisipale Kantore, Donkinstraat 112, BEAUFORT-WES, 6970

26 Februarie 2021

21091

BERGRIVIER MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS:
ERF 58, VELDDRIF****BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO
MUNICIPAL LAND USE PLANNING**

Notice is hereby given in terms of Section 33(7) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning that Bergrivier Municipality's Authorised Official on application by the owner of Erf 58, Velddrif, on 12 November 2020 via decision number AON006/10/2020, removed conditions E.6.(b), (c) & (d) as contained in Deed of Transfer No. T71724/1999.

MN 32/2021

ADV HANLIE LINDE, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
13 Church Street, PIKETBERG, 7320

26 February 2021

21093

OUDTSHOORN MUNICIPALITY

NOTICE 11 OF 2021**PROPOSED REZONING & BUILDING LINE
RELAXATIONS: ERF 1406, OUDTSHOORN.**

Applicant: Qash & Bilal Solutions & Borefa (Pty) Ltd

Owner: F. Maduma & XPI Botya

Reference number: TP/ 1406

Property Description: Erf 1406 Oudtshoorn

Physical Address: 13 Oxford Street, Oudtshoorn

Detailed description of proposal:

The matter for consideration is an application for:

1. The rezoning of Erf 1406, Oudtshoorn, in terms of Section 15(2)(a) of the Oudtshoorn Municipality: Municipal Land Use Planning By-law, 2016 (as amended) from "Single Residential" to "General Residential Zone I", for the purposes of a house and 2 flats.
2. To depart from the following building lines, in terms of Section 15(2)(b) of the Oudtshoorn Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2016 (as amended):
 - (a) The western side building line from 5m to 3.57m to accommodate the proposed flats
 - (b) The eastern side building line from 5m to 3.57m to accommodate the proposed flats

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Oudtshoorn Municipality: Municipal By-Law on Municipal Land Use Planning, 2016 (as amended) that the abovementioned application has been received and is available for inspection (**Tuesdays & Thursdays — only by appointment**) between **09:00 to 12:00** at the Town Planning Department at 92 St John Street. Any written comments (quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments), in terms of Section 50 of the said legislation, may be addressed to the Municipality's Physical Address (92 St. John Street, Oudtshoorn, 6620) or be sent by email to gilbert@oudtmun.gov.za before **26 March 2021**.

Telephonic enquiries can be made to Gilbert Cairncross at 044 203 3000. The Municipality will refuse to accept comments received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

MR. R SMIT, ACTING MUNICIPAL MANAGER

26 February 2021

21095

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES:
ERF 58, VELDDRIF****BERGRIVIER MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING**

Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 33(7) van die Bergrivier Munisipaliteit: Verordening Insaake Munisipale Grongebruikbeplanning dat Bergrivier Munisipaliteit se Gemagtigde Beampte op aansoek van die eienaar van Erf 58, Velddrif, op 12 November 2020 via besluit nommer AON006/10/2020 voorwaardes E. 6.(b), (c) & (d) soos vervat in Transportakte Nr T71724/1999 opgehef het.

MK 32/2021

ADV HANLIE LINDE, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale
Kantore, Kerkstraat 13, PIKETBERG, 7320

26 Februarie 2021

21093

OUDTSHOORN MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING NR 11 VAN 2021**VOORGESTELDE HERSONERING EN BOULYNE
VERSLAPPING: ERF 1406, OUDTSHOORN**

Aansoeker: Qash & Bilal Solutions & Borefa (Pty) Ltd

Eienaar: F.Maduma & XPI Botya

Verwysingsnommer: TP/ 1406

Eiendomsbeskrywing: Erf 1406 Oudtshoorn

Fisiese adres: 13 Oxford Street, Oudtshoorn

Gedetailleerde beskrywing van voorstel:

Die aangeleentheid vir oorweging is 'n aansoek om:

1. Die hersonering van Erf 1406, Oudtshoorn, in terme van Artikel 15(2)(a) van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2016 (soos gewysig) vanaf "Enkel woonsone" na "Algemene Woonsone I", vir doeleindes van 'n huis en 2 woonstelle.
2. Om die volgende boulyne te verslap, ingevolge Artikel 15(2)(b) van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2016 (soos gewysig):
 - (a) Die westelike syboulyn van 5m tot 3.57m om die voorgestelde woonstelle te akkommodeer
 - (b) Die oostelike syboulyn van 5m tot 3.57m om die voorgestelde woonstelle te akkommodeer

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45 van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruiksbeplanning, 2016 (soos gewysig), dat die aansoek ontvang is en ter insae lê (**Dinsdae & Donderdae — slegs op afspraak**) tussen **9:00 – 12:00** by die Stadsbeplanningsafdeling te St John Staat 92. Enige geskrewe kommentaar (met vermelding van jou naam, adres en kontakbesonderhede, belangstelling in die aansoek en redes vir kommentaar) kan ingevolge Artikel 50 van die genoemde wetgewing gerig word aan die fisiese adres van die Munisipaliteit (St. Johnstraat 92, Oudtshoorn, 6620 of per e-pos na gilbert@oudtmun.gov.za), wat voor of op **26 Maart 2021** deur die Stadsbeplanner (Mnr Gilbert Cairncross) ontvang moet word.

Telefoniese navrae kan gerig word aan Gilbert Cairncross by 044 203 3000. Die munisipaliteit sal weier om kommentaar, wat na die sluitingsdatum ontvang word, te aanvaar. Enige persoon wat nie kan skryf nie, sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word.

MNR R SMIT, WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

26 Februarie 2021

21095

BERGRIVIER MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIONS AND
SUBDIVISION: ERF 130, DWARSKERSBOS**

Applicant: CK Rumboll & Partners

Contact details: Tel: 022 482 1845 and
E-mail: jolandie@rumboll.co.za

Owner: George Frederick Theart, Gabriël Rossouw Theart, Johannes Petrus Theart

Reference number: D. 130

Property Description: Erf 130, Dwarskersbos

Physical Address: 7 Orgideë Street

Detailed description of proposal:

Application in terms of Section 15 of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning for removal of restrictive title conditions B.6.(b), (i) & (ii) as contained in the deed of transfer of the property and subdivision of the property into two portions namely Portion A ($\pm 500\text{m}^2$ in extent) and Remainder Erf 130, Dwarskersbos ($\pm 898\text{m}^2$ in extent).

Notice is hereby given in terms of Section 45 of Bergrivier Municipal By-Law relating to Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 07:30 and 16:30 from Monday to Thursday and between 07:30 and 15:30 on Fridays at this Municipality's Department Planning and Environmental Management at 134 Voortrekker Street, Velddrif, 7365. Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, Bergrivier Municipality, 13 Church Street or P.O. Box 60, Piketberg, 7320; Fax: 022 913 1406 or e-mail: bergmun@telkomsa.net on or before **29 March 2021**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries can be made to Mr H. Vermeulen, Town and Regional Planner (West) at tel: 022 783 1112. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write may visit the municipal offices during office hours where a staff member of the municipality, will assist such person to transcribe that person's comments or representations.

MN 36/2021

ADV HANLIE LINDE, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
13 Church Street, P.O. Box 60, PIKETBERG, 7320
Tel No. (022) 913 6000, Fax No. (022) 913 1406
E-mail: bergrivier@telkomsa.net

26 February 2021

21096

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKINGS EN
ONDERVERDELING: ERF 130, DWARSKERSBOS**

Applikant: CK Rumboll & Vennote

Kontak besonderhede: Tel: 022 482 1845 en
E-pos: jolandie@rumboll.co.za

Eienaar: George Frederick Theart, Gabriël Rossouw Theart, Johannes Petrus Theart

Verwysingsnommer: D. 130

Eiendom beskrywing: Erf 130, Dwarskersbos

Fisiese adres: Orgidieëstraat 7

Volledige beskrywing van voorstel:

Aansoek ingevolge Artikel 15 van die Bergrivier Munisipaliteit: Verordening Insake Munisipale Grondgebruikbeplanning om opheffing van beperkende titelvoorwaardes B.6.(b), (i) & (ii) soos vervat in die transportakte van die eiendom asook onderverdeling van die eiendom in twee gedeeltes naamlik Gedeelte A ($\pm 500\text{m}^2$ groot) en Restant Erf 130, Dwarskersbos ($\pm 898\text{m}^2$ groot).

Kragtens Artikel 45 van Bergrivier Munisipale Verordening insake Grondgebruikbeplanning word hiermee kennis gegee dat die bogenoemde aansoek ontvang is en oop is vir inspeksie gedurende weeke tussende tussen 07:30 en 16:30 vanaf Maandae tot Donderdae en tussen 07:30 en 15:30 op Vrydae by hierdie Munisipaliteit se Afdeling Beplanning en Omgewingsbestuur te Voortrekkerstraat 134, Velddrif, 7365. Enige skriftelike kommentaar mag geadresseer word ingevolge Artikel 50 van genoemde wetgewing aan die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit, Kerkstraat 13 of Posbus 60, Piketberg, 7320; Faks: 022 913 1406 en e-pos: bergmun@telkomsa.net op of voor **29 Maart 2021**, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belange in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr. H. Vermeulen, Stads- en Streeksbeplanner (Wes) by tel: (022) 783 1112. Die Munisipaliteit mag kommentaar ontvang na die sluitingsdatum weier. Enige persone wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na die munisipale kantore gaan waar 'n personeelid van die munisipaliteit so 'n persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf.

MK 36/2021

ADV HANLIE LINDE, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Posbus 60, PIKETBERG, 7320
Tel Nr (022) 913 6000, Faks Nr (022) 913 1406
E-pos: bergrivier@telkomsa.net

26 Februarie 2021

21096

CITY OF CAPE TOWN

**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by NuPlan Africa, removed conditions as contained in Title Deed No. T 41204 of 2009, in respect of Erf 120, MELKBOSCH STRAND, in the following manner:

Deletion of restrictive title deed condition B, (3) in respect of Erf 120, Melkbosch Strand:

No building shall be erected on any lot within 3,15 metres from streets or roads, or before the plans thereof in duplicate have been lodged with, and same the situation of buildings approved by the Transferors in writing.

26 February 2021

21099

STAD KAAPSTAD

**STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennisgewing geskied hiermee kragtens die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015, dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur NuPlan Africa voorwaardes soos vervat in titelakte no. T 41204 van 2009, ten opsigte van Erf 120, MELKBOSCH STRAND, soos volg verwyder het:

Skraping van beperkende titelakteenvoorwaarde B(3) ten opsigte van Erf 120, Melkbosch Strand:

Geen gebou mag op enige erf binne 3,15 m van strate of paaie opgerig word nie, of voordat die planne daarvan in tweevoud ingedien is nie, en dieselfde vir geboue wat skriftelik goedgekeur is deur die oordragnemers.

26 Februarie 2021

21099

KNYSNA MUNICIPALITY
**KNYSNA BY-LAW ON MUNICIPAL
 LAND USE PLANNING, 2016**
**CLOSURE OF PORTION OF PUBLIC
 PLACE: PORTION OF ERF 211 ADJOINING
 ERF 278 KNYSNA**

Notice is hereby given in terms of Section 45(1)(f) of the Knysna Municipality Standard By-Law on Municipal Land Use Planning 2016, that the Municipality of Knysna has permanently closed a portion of public place (Erf 211) adjoining Erf 278 Knysna.

(S/4587/21/4 p105)

MR DAWID ADONIS,
 ACTING MUNICIPAL MANAGER

26 February 2021

21097

KNYSNA MUNISIPALITEIT
**KNYSNA VERORDENING OP MUNISIPALE
 GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2016**
**SLUITING VAN DIE GEDEELTE VAN DIE OPENBARE PLEK:
 GEDEELTE VAN ERF 211 AANGRENSEND AAN
 ERF 278 KNYSNA**

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 45(1)(f) van die Knysna Munisipale Standaardverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning 2016, dat die Knysna Munisipaliteit 'n gedeelte van die openbare plek (Erf 211) aangrensend aan Erf 278 Knysna permanent gesluit het.

(S/4587/21/4 p105)

MR DAWID ADONIS,
 WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

26 Februarie 2021

21097

(R S A)

Tel: (021) 467 4800

Fax: (021) 465 3008

VPM TOWN AND REGIONAL PLANNERS
 PROFESSIONAL LAND SURVEYORS
 PO BOX 173
 KNYSNA
 6570

Madam

SURVEYOR-GENERAL-WESTERN CAPE
 PRIVATE BAG X9028
 CAPE TOWN
 8000

2017-12-12

MY REF: S/4587/21/4 p105

Your ref: RE/211KNYSR
 Dated: 2017-11-29

FINAL CERTIFICATE

CLOSING OF PORTION OF ERF 211 ADJOINING ERF 278 KNYSNA.

It is hereby certified that all my requirements in regard to the above have been met.


NB:

When submitting the final closure notice in terms of **Section 43(1)(f) of LUPA ACT 3/2014** or **Section 45(1)(f) of Knysna Municipal By-Law** to the Director of Local Government, it must be accompanied by a copy of this certificate. Failure to do so, will lead to the refusal by the Director to publish the notice.

To expedite this matter please notify me after the final notice of closure has appeared in the Official Gazette.

The wording must be strictly in accordance with the above heading.

Yours faithfully



ML ZULU
 For SURVEYOR-GENERAL: WESTERN CAPE

**NB: The Surveyor-General's
 reference must be quoted
 in the Notice of closure in
 the Official Gazette.**

CITY OF CAPE TOWN
CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL
PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Elco Property Developments, removed conditions as contained in Title Deed No. T 47539 of 1988, in respect of Erf 4450, MILNERTON, in the following manner:

Deletion of restrictive title deed condition A (a) (b) (c) & (d) in respect of Erf 4450, Milnerton

Condition A. (a): That the erf be used for residential purposes only, provided that after having first obtained the written consent of the Local Authority, such use shall not exclude the erf being used for the erection thereon of a special building or a building designed for use as a place of public worship, a social hall, a parking garage, an institution, or a place of instruction.

Condition A. (b): That only one dwelling- house or one residential building, or subject to the consent of the Local Authority, a special building or a building designed for use as a place of public worship, a social hall, a parking garage, an institution, or a place of instruction, be erected on this erf.

Condition A. (c): That not more than 60% of the area of this erf be built upon.

Condition A. (d): That no building or structure or any portion thereof except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4.72 metres to the street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure shall be situated within 1.57 metres of the lateral boundary common to any adjoining erf.

26 February 2021

21098

CITY OF CAPE TOWN
CLOSURE OF PUBLIC PLACE ERF 503 BISHOPSCOURT

Notice is hereby given in terms of Section 43(1)(f) of LUPA Act 3/2014 that Erf 503 Bishopscourt, is closed.

SG Ref. No.: S/3817/25/2 V2 p113a

LUNGELO MBANDAZAYO, CITY MANAGER

26 February 2021

21100

KNYSNA MUNICIPALITY
REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS:
ERF 1554, SEDGEFIELD

KNYSNA MUNISIPALITEIT BY-LAW ON MUNICIPAL LAND
USE PLANNING (2016)

Notice is hereby given in terms of Section 33(7) of the Knysna Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (2016) that a decision, in terms of delegations granted by Council, has been taken on 18 November 2019, in terms of Section 60, to remove conditions D9 & D13 relating to the use of the property, as contained in Title Deed T864/2018 of Erf 1554, Sedgfield.

MR. D ADONIS
ACTING MUNICIPAL MANAGER

26 February 2021

21101

STAD KAAPSTAD
STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur Elco Property Developments, die voorwaardes soos vervat in titelakte nr. T 47539 van 1988, ten opsigte van Erf 4450, MILNERTON, soos volg opgehef het:

Skraping van beperkende titelaktevoorwaarde A (a) (b) (c) & (d) ten opsigte van Erf 4450, Milnerton

Voorwaarde A. (a): Dat die erf slegs vir residensiële doeleindes gebruik word, op voorwaarde dat die skriftelike goedkeuring van die plaaslike owerheid eers verkry word, welke gebruik nie die oprigting op die erf van 'n spesiale gebou of 'n gebou wat ontwerp is vir gebruik as 'n plek van openbare aanbidding, 'n sosiale saal, 'n parkeergarage, 'n instansie of 'n plek van onderrig uitsluit nie.

Voorwaarde A. (b): Dat slegs een woonhuis of een residensiële gebou, of onderworpe aan die goedkeuring van die plaaslike owerheid, 'n spesiale gebou of 'n gebou wat ontwerp is as 'n plek van openbare aanbidding, 'n sosiale saal, 'n parkeergarage, 'n instansie of plek van onderrig, op hierdie erf opgerig word.

Voorwaarde A. (c): "Dat nie meer as 60% van die oppervlakte van hierdie erf bebou word nie."

Voorwaarde A. (d): Dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en heinings, nader as 4.72 meter aan die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf vorm, opgerig word nie. Geen sodanige gebou of struktuur mag nader as 1.57 meter vanaf die laterale grens gemeenskaplik met enige aangrensende erf geleë wees nie.

26 Februarie 2021

21098

STAD KAAPSTAD
SLUITING VAN OPENBARE PLEK ERF 503 BISHOPSCOURT

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 43(1)(f) van die Wet op Grondgebruikbeplanning, Wet 3 van 2014, dat Erf 503 Bishopscourt gesluit is.

SG Ref. No.: S/3817/25/2 V2 p113a

LUNGELO MBANDAZAYO, STADSBESTUURDER

26 Februarie 2021

21100

KNYSNA MUNISIPALITEIT
OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES:
ERF 1554, SEDGEFIELD

KNYSNA MUNISIPALITEIT VERORDENING OP
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (2016)

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 33(7) van die Knysna Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2016, dat 'n besluit geneem was op 18 November 2019, ingevolge delegasies deur die Raad, ingevolge Artikel 60, om voorwaardes D9 & D13 op te hef, wat betrekking het tot die gebruik van die eiendom, soos vervat in die Titelakte T864/2018, aangaande Erf 1554, Sedgfield.

MNR. D ADONIS
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

26 Februarie 2021

21101

CITY OF CAPE TOWN

**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Elco Property Developments, removed conditions as contained in Title Deed No. T 88084 of 1996, in respect of Erf 5407, Milnerton, in the following manner:

Deletion of restrictive title deed condition B1(b), B1(c); B1(d) and C(j) in respect of Erf 5407, Milnerton:

Condition B.1(b): That only one dwelling-house, or, subject to the consent of the Local Authority, a special building be erected on this erf.

Condition B.1(c): That not more than one-third the area of this erf be built upon.

Condition B.1(d): That no building or structure or any portion thereof, except boundary walls and fences, shall be erected nearer than 4.72 metres to the street line which forms a boundary of this erf. No such building or structure shall be situated within 1.57 metres of the lateral boundary common to any adjoining erf.

Condition C(j): No wood and iron buildings of any description shall be erected on this erf.

26 February 2021

21102

STELLENBOSCH MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS:
ERF 3738, STELLENBOSCH****STELLENBOSCH MUNICIPAL LAND USE PLANNING
BY-LAW (2015)**

Notice is hereby given that the duly Authorised Official on 22 January 2021, removed the restrictive title deed conditions D(c) and D(d), on Erf 3738, Stellenbosch contained in the Deed of Transfer No.T32819/2019, in terms of Section 68 of the Stellenbosch Municipal Land Use Planning By-law.

(Notice No. P01/21)

MUNICIPAL MANAGER

26 February 2021

21103

CITY OF CAPE TOWN

**CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL
PLANNING BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Elco Property Developments, removed conditions as contained in Title Deed No. T 76735 of 2000, in respect of Erf 19401, MILNERTON in the following manner:

Deletion of restrictive title deed conditions B1(a) of Title Deed T76735/2000

Condition B1(a): That this erf be used for residential purposed only, provided that after having first obtained the written consent of the Local Authority, such use shall not exclude the erf being used for the erection thereon of a special building or a building designed for use as a place of public worship, a social hall, a parking garage, an institution, or a place of institution.

26 February 2021

21105

STAD KAAPSTAD

**STAD KAAPSTAD VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van die aansoek deur Elco Property Developments op die volgende wyse voorwaardes opgehef, soos vervat in titelakte no. T 88084 of 1996 ten opsigte van Erf 5407, Milnerton:

Skraping van beperkende titelaktevoorwaarde B1(b), B1(c), B1(d) en C(j) ten opsigte van Erf 5407, Milnerton:

Voorwaarde B1(b): Dat slegs een woonhuis of, onderworpe aan die toestemming van die plaaslike owerheid, 'n spesiale gebou op hierdie erf opgerig word.

Voorwaarde B1(c): Dat daar nie op meer as een-derde van die oppervlak van hierdie erf gebou word nie.

Voorwaarde B1(d): Dat geen gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan, buiten grensmure en heinings, nader as 4,72 meter van die straatlyn wat 'n grens van hierdie erf uitmaak, opgerig mag word nie. Geen sodanige gebou of struktuur mag geleë wees binne 1,57 meter van die laterale grens wat gemeenskaplik aan enige aangliggende erf is nie.

Voorwaarde C(j): Geen hout- en ystergeboue van enige beskrywing mag op hierdie erf opgerig word nie.

26 Februarie 2021

21102

STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITEL VOORWAARDES:
ERF 3738, STELLENBOSCH****STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT VERORDENING OP
GRONDGEBRUIKSBEPLANNING (2015)**

Hiermee word kennis gegee dat die Gemagtigde Amptenaar op 22 Januarie 2021, beperkende titel voorwaardes D(c) en D(d), wat betrekking het op Erf 3738, Stellenbosch, soos vervat in Transportakte nommer Nr T32819/2019 ingevolge Artikel 68 van die Stellenbosch Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning opgehef het.

(Kennisgewing Nr. P01/21)

MUNISIPALE BESTUURDER

26 Februarie 2021

21103

STAD KAAPSTAD

**STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van Artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van die aansoek deur Elco Property Developments op die volgende wyse voorwaardes opgehef het, soos vervat in titelakte nr. T 76735 of 2000, ten opsigte van Erf 19401 Milnerton:

Skraping van beperkende titelaktevoorwaarde B1(a) van titelakte T76735/2000

Voorwaarde B1(a): Dat hierdie erf slegs vir residensiële doeleindes gebruik word, met dien verstande dat nadat die plaaslike owerheid se skriftelike toestemming eers verkry is, hierdie gebruik nie mag uitsluit dat die erf gebruik word vir die oprigting daarop van 'n spesiale gebou of gebou ontwerp vir gebruik as plek van openbare aanbidding, 'n saal vir sosiale gebruik, parkeergarage, inrigting of 'n plek van inrigting nie.

26 Februarie 2021

21105

CITY OF CAPE TOWN

CLOSURE OF PUBLIC PLACE ERF 511, BISHOPSCOURT

Notice is hereby given in terms of Section 43(1)(f) of LUPA Act 3/2014 that Erf 511 Bishopscourt, is closed.

SG Ref. No.: S/3817/25/2 V2 p113b

LUNGELO MBANDAZAYO, CITY MANAGER

26 February 2021

21107

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 64/2020/2021

**PROPOSED CONSENT USE ON PORTION 1 OF
FARM DOORNFONTEIN NO. 814,
DIVISION MALMESBURY**

Applicant: C K Rumboll & Partners,
PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-4221845

Owner: Middelpos Testamentêre Trust, PO Box 186,
Malmesbury, 7299. Tel no. 0723108295

Reference number: 15/3/10-15/Farm_814/01

Property Description: Portion 1 of Farm Doornfontein no. 814,
Division Malmesbury

Physical Address: Situated ±5km south from Malmesbury on the
R302

Detailed description of proposal:

The application for consent use for mining on portion 1 of Farm Doornfontein no. 814, division Malmesbury in terms of section 25(2)(o) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that mining (a sand mine) will be operated from a portion (34,81ha in extent) of the property.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax — 022-487 9440/e-mail — swartlandmun@swartland.org.za on or before 19 March 2021 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

J J SCHOLTZ
Municipal Manager
Municipal Office
1 Church Street
MALMESBURY
7300

26 February 2021

21110

STAD KAAPSTAD

SLUITING VAN OPENBARE PLEK ERF 511, BISHOPSCOURT

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 43(1)(f) van die Wet op Grondgebruikbeplanning, Wet 3 van 2014, dat Erf 511 Bishopscourt gesluit is.

SG Ref. No.: S/3817/25/2 V2 p113b

LUNGELO MBANDAZAYO, STADSBESTUURDER

26 Februarie 2021

21107

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 64/2020/2021

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE
1 VAN PLAAS DOORNFONTEIN NO 814,
AFDELING MALMESBURY**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote,
Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-4821845

Eienaar: Middelpos Testamentêre Trust, Posbus 186,
Malmesbury, 7299. Tel no. 0723108295

Verwysingsnommer: 15/3/10-15/Farm_814/01

Eiendomsbeskrywing: Gedeelte 1 van plaas Doornfontein no 814,
Afdeling Malmesbury

Fisiese Adres: Geleë ±5km suid van Malmesbury op die
R302

Volledige beskrywing van aansoek:

Die aansoek om vergunningsgebruik vir mynbou op gedeelte 1 van plaas Doornfontein no 814, Afdeling Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(o) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels dat mynbou ('n sandmyn) bedryf sal word op 'n gedeelte (groot 34,81ha) op die eiendom.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. **Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks — 022-487 9440/e-pos — swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op 19 Maart 2021 om 17:00. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar.** Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

J J SCHOLTZ
Munisipale Bestuurder
Munisipale Kantoor
Kerkstraat 1
MALMESBURY
7300

26 Februarie 2021

21110

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 63/2020/2021

